# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **1 MAART 2016**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br>Oom Fanie open met gebed. Die voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings**<br>Die voorsitter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Patrick Meyer, Stan Rodgers, Johan Kapp, Stefan Coetsee, Sakkie Labuschagne, Tjaart van Wyk, Robert Scott, Braam Els, Stefan Olivier. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Dr Jan Oldewage is baie siek. Hy 2 weke gelede 'n operasie ondergaan waartydens sy byniere te verwyder is. Die voorsitter het hom twee keer in die hospitaal besoek, maar beide kere het hy geslaap. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.5.2 Johannes Welgemoed en sy vrou het n baba dogter ryker geword.. | |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Korrespondensie ontvang rakende luiperd jag en gepaardgaande permitte. Geen permitte is uitgereik vir luiperdjagte in 2016. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 2 Februarie 2016.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Sien regstelling by 2.1.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Riaan Meiring<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Gerhard de Villiers | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>2.1 BJV Pietersburg Skietbaan<br>Die Voorsitter bespreek die geleentheid van n stuk grond buite die dorp wat beskikbaar gestel is vir die ontwikkeling van 'n BJV skietbaan. Die wetlike bepalings vir die oprig van so 'n skietbaan is bestudeer en die stuk grond kan suksesvol ontwikkel word indien beide partye tot 'n vergelyk kan kom. Daar word genoem dat die huidige Polokwane skietbaan op vele vlakke nie aan die vereistes en regulasies vir 'n geregistreede skietbaan voldoen nie. | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Jaargelde vir gebruik van Skietbaan<br>Lede word herinner dat jaarfooie vir die gebruik van die skietbaan R200-00 beloop. Indien hierdie gelde nie opbetaal is nie, sal lede moet aanvaar dat hulle R50-00 per sessie moet opdok. Oom Kallie Mouton is in beheer van sake by die baan. Met die betaal van jou jaarfooi sal hy vir jou 'n gelamineerde lidmaatskap kaartjie gee wat jou toegang tot die baan gee.<br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings | Rudi<br>Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Lys met een naam van Debbie ontvang:<br>PW Kamfer (Jnr). | |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br>1.10.1 CHASA kursus<br>Vasgemaak vir die eerste naweek in Maart (Saterdag die 5de). Sal aangebied word by LEDET se kantore h/v Suid en Dorp straat.<br>1.10.2 Junior opleiding<br>Datum tans nog nie uitgesorteer.<br>1.10.3 Handwapen opeiding<br>Dank word uitgespreek vir Marie Venter se beskikbaarheid om n handwapen opleiding kliniek aan te bied op Saterdag 5 Maart 2016. Prominenete teoretiese aspekte sal bespreek word, waarna daar gefokus gaan word op die veilige en effektiewe gebruik van 'n handwapen. Lede word weereens aangemoedig om gebruik te maak van die geleenthede wat deur BJV gereël word. | Rudi / Debbie<br>Rudi/Basie<br>Rudi<br>Rudi / Debbie |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br>1.11.1 Algemeen<br>Dis die begin van 'n nuwe jaar en die Voorsitter herinner lede daaraan dat dit elkeen van hulle se verantwoordelikheid is om te verseker dat sy/haar verpligtinge vir toegewyde status in orde is.<br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br>Geen. | Toegewydejagters<br>Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br>Verslag staan oor. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br>1.13.1 Jaar eind funksie 2015<br>Die Potgieter gesin word weereens in hul teenwoordigheid bedank vir die insette tydens hierdie aangeleentheid.<br>1.13.2 Algemeen<br>Die voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| **1.14** | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Maand kompetisie 20 Februarie 2016 | |
| | Was ‘n CHASA skietdag waar die 9 skoot tabel geskiet is. Dit is spesifiek so gedoen om die lede by te staan wat in Maart die CHASA kursus gaan doen. In totaal het 38 lede deelgeneem aan hierdie skietdag. | Dennis Traynor |
| | 1.14.2 Handwapen kompetisie 27 Februarie 2016 | |
| | In reaksie op die Voorsitter se voorstel om meer pro-aktief op te tree rondom verantwoordelike handwapen gebruik is hierdie kompetisie op die Polokwane skietbaan aangebied. Dit was ‘n 12 skoot baan wat suksesvol deur 13 skuts voltooi is. Geweldige belangstelling is getoon om dit op ‘n meer gereelde basis te doen.<br><br>In hierdie stadium lyk dit asof die formaat 2 bane met ‘n totaal van 24 patrone gaan wees. Een van die bane sal ‘n senario wees (maksimum 12 skote), die ander sal die vorm van n skietoefening aanneem waar daar gefokus word op skietvorm en skoot plasing (maksimum van 12 skote). Die punte stelsel wat tans gebruik word fokus op ‘n kombinasie van spoed en akkuraatheid, waar swak skoot plasing die prestasie van die skut benadeel. Lede word uitgenooi om nie sommer in beginsel daarteen te skop nie, maar om te kom inloer tydens hierdie geleenthede. | Rudi |
| | 1.14.3 Volgende kompetisie – 19 Maart 2016 te Polokwane | |
| | Formaat: CHASA jaggeweer (20 skoot). | |
| | 1.14.4 Handwapen opleiding | |
| | 5 Maart 2016 te Polokwane skietbaan. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | BJV / Universiteit van Limpopo | |
| | Die Landbou afdeling van die Universiteit van Limpopo het ons genader om betrokke te raak by die praktiese gedeelte van een van | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | hul kursusse (ANLP432). Volgens Mnr Roelf Coetsee is aspekte van spesifieke belang geïdentifiseer en sal dit in ‘n amptelike skrywe aan die BJV bestuur deurgegee word.<br><br>Die Voorsitter noem dat ‘n opname getoon het dat n groot gedeelte van ons bevolking nie so positief teenoor jagverwante aangeleenthede is as wat ons gedink het nie. Hierdie mag dalk net ‘n gulde geleentheid wees om daadwerklik iets te doen om die beeld van BJV en jag in die besonder positief uit te dra. Daar is ‘n aantal lede wat tydens die vergadering hul kommer uitgespreek het rondom die gedragskode van die studente tydens so ‘n beplande interaksie. Hul kommer is geregverdig aan die hand van huidige gebeure in ons land waar studente groepe vir grootskaalse skade verantwoordelik is. In beginsel is dit dus duidelik dat indien daar sprake van ‘n BJV / UL interaksie gaan wees, dat dit sal geskied binne die raamwerk van die BJV gedragskode en ook die wetlike verpligtinge rakende die veilige en verantwoordelike gebruik van vuurwapens. | |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 12 April 2016 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes tydens die vergadering. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

| | |
|---|---|
| Sekretaris | Datum |
| Voorsitter | Datum |